

22 Augustus

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 3:6-13 (NAV)**

**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 3:13-15**

### **Werk tot die laaste dag**

Dis bekend dat Luther, die Hervormer, gesê het: *As ek sou weet dat Jesus môre kom, plant ek vandag nog 'n boom.* Dit sê nogal baie van Luther se liefde vir die skepping, maar dit maak ook sy werksetiek bekend. Luther was iemand wat tot op die laaste moontlike uur van sy lewe sou dien.

In die gemeente van Tessalonika was dit anders met baie gelowiges. Hulle het ophou werk (3:11). Hoekom? Want hulle het geglo dat Christus môre of oormôre op die wolke sal verskyn. Sommige het selfs die gerug versprei dat Jesus reeds gekom het. So, waarom dan werk? Sit en wag maar op die groot oomblik! As jou geld en kos op is, vra jy maar van 'n medegelowige.

Hierdie verkeerde ingesteldheid in die gemeente is deur verskillende bronne gevoed. Sommige het beweer Paulus het in 1 Tessalonisense gesê Christus is so te sê reeds terug. Ander het valse briewe in Paulus se naam geskryf om hierdie siening aan te blaas. Nog ander het sommer valse profesieë hieroor gelewer (2:1-3).

Teen hierdie agtergrond skrywe Paulus dat almal moet werk, hard werk. Elkeen moet self sy brood verdien. Leeglêery is sonde en baar ook nog ander sondes, soos *bemoesiektheid* (3:11). Nee, ons moet die tyd uitkoop en elke geleenheid gebruik om *goed te doen*.

Lidmate wat ongehoorsaam bly, moet getug word. Vermy daardie lidmate totdat hulle tot inkeer kom, sê Paulus. Egter nie as jou vyand nie, maar as jou broer en suster. So bring die tug van Christus gehoorsaamheid en werksaamheid in die kerk terug. Laat ons vrugbaar werk en dien totdat Christus ons kom haal!

*Sing: Skrifberyming 15-7:2*

*Dr. NP Heystek (Emeritus)*